H. B. Th.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

191. T. 2 (38)

Verw./Ref. No.............................

# NASIONALE ONDERWYSRAAD
# NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

MOTIVERING I.S. TOEKENNING VAN DIE
D.F. MALAN-MEDALJE VAN DIE S.A. AKADEMIE
VIR WETENSKAP EN KUNS AAN:

HENRICUS RECHT MALAN

(Opgestel en voorgedra deur Prof. H.B. Thom)

Paar biogr. besonderhede.

Mnr. Recht Malan, seun van wyle ds. D.J. Malan (in lewe predikant van Swellendam) het sy universiteitstudie deurgemaak op Stellenbosch, waar hy die graad B.A. in 1921 en later die M.A.-graad (in die Ekonomie) verwerf het.

Nadat hy enige jare onderwys gegee het, het hy in die parlementêre diens van Die Burger getree. In 1930 het hy assistent-redakteur van Die Burger geword, en vervolgens vinnige opgang in die diens van hierdie koerant en sy moedermaatskappy, die Nasionale Pers, gemaak: In 1940 is hy aangestel as Redakteur Buiteland; vier jaar later word hy sekretaris van die Nasionale Pers, in 1946 hoofbestuurder en in 1948 besturende direkteur. In 1960 het hy uitgetree as besturende direkteur, maar aangebly as direkteur van die Nasionale Pers en al sy filiale. In 1966 het hy voorsitter van die Nasionale Pers en sy filiale geword, welke posisie hy beklee het tot Julie 1971 toe hy die tuig neergelê het. In Maart 1972 het hy ook as direkteur van die Pers uitgetree.

Daarbenewens het hy in 1962 voorsitter van die Kaapstadse Strandgebiedraad geword. Nadat hy in hierdie hoedanigheid tien jaar lank waarde-

2/............

volle werk gedoen het, het hy in Maart 1972 ook hier uitgeskei.

Kenskets[ing].

Mnr. Malan sal altyd gesien word as die verpersoonliking van die merkwaardige sukses en groei van die Nasionale Pers. In die jare toe hy hoofbestuurder, besturende direkteur en voorsitter van die Nasionale Pers was, 1946 - 1971, is hierdie onderneming onder sy leiding in gesonde filiale georganiseer en is daar, op die grondslae wat wyle dr. Willie Hofmeyr vóór mnr. Malan gelê het, op versigtige maar koersvaste wyse voortgebou. Die resultaat was dat die Nasionale Pers nie slegs 'n invloedryke sake-onderneming in Suid-Afrika geword het nie, maar bowenal 'n ware kragsentrale vir die gees van die Afrikaner.

Recht Malan is in baie opsigte 'n merkwaardige mens. Hy is iemand van groot integriteit en lojaliteit, iemand wat die kalklig steeds vermy het en sy tyd en kragte volkome tot beskikking van die Nasionale Pers gestel het. Hy het student gebly, en daar is in ons land in privaat besit seker min biblioteke wat met syne gelykgestel kan word. Hy het sy boeke ook nie net gelees nie, maar hy het die inhoud daarvan vir homself ook deeglik verwerk.

Ten tyde van sy aftrede as voorsitter van die Nasionale Pers in Julie 1971 het dr. P.A. Weber gesê: „Gedurende die bewindsjare van Recht Malan het die regspersoon van die Nasionale Pers in hom gesetel. Hy was die Nasionale Pers". Dit is hoë, welverdiende hulde. Mnr. Malan het homself nooit gespaar of gesoek nie. Sy eie salaris het hy laag gehou; as mens, en ook ten opsigte van sy eie persoonlike lewe, was hy beskeie, maar vir diegene wat hy gedien het, was hy ondernemend en ambisieus. Daarom kon hy van die Pers so 'n sterk, welvarende en invloedryke volksaak maak.

Almal wat met hom saamgewerk het, het hom geken as 'n regverdige man, 'n man wat verdraagsaam was teenoor sy minderes, maar skerp krities teenoor voormanne wat die pad - veral op die ekonomiese terrein - geken het maar nie bewandel het nie. Dit was kenmerkend van hom toe hy by geleentheid gesê

het: „Inflasie is die gemeenste vorm van diefstal".

Recht Malan sou nooit gewees het, wat hy is nie as hy nie met so 'n indringende, kritiese gees begaaf was nie. Uit hierdie gees is te verklaar die koue realisme en nugtere objektiwiteit waardeur sy optrede steeds gekenmerk ~~was.~~ is. ~~Dit kon soms selfs aan die meedoënlose grens,~~ Hy kon baie streng wees, maar dit ~~moes só wees~~ was nodig as hy, in die posisie waarin hy gestaan het, na die eis van tyd en plek groot sake deur wyse, ferme besluite wou dien. Kombinasie - billikheid + strengheid.

Bowendien het hy oorvloediglik blyke gegee van 'n suiwere perspektief en relatiwiteitsbegrip. Op kalme wyse reduseer hy 'n probleem tot die essensiële en dan neem hy sy besluit op grond van dit wat hy essensieel bevind het. Hy laat hom nie deur onbelangrike of bloot insidentele bykomstighede op 'n dwaalspoor bring nie. Dit is 'n gawe wat logies saamgaan met die kritiese ingesteldheid van sy indringende gees.

Die eise van die sakelewe, al was dit soms ook baie hard, het hom nie van sy ander belangstellinge beroof nie. Hy het bv. sy liefde vir die poësie onverminderd behou; en hy het ook 'n lewendige belangstelling in en verbasende kennis van die geskiedenis besit. X X

Onvermoeide werker, nugtere vaderlander, komplete mens - só ken ons mnr. Recht Malan. Ons verheug ons daaroor dat die Akademie besluit het om sy D.F. Malan-medalje aan hom toe te ken. Ons het hiertoe des te meer rede omdat ook die naam van wyle dr. D.F. Malan self so nou met die ~~Nasionale Pers~~ Die Burger en die Nasionale Pers verbonde was.

* * * * *

Stellenbosch,

16 September 1972.